

26 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 15:16

Fokusgedeelte: 1 Kronieke 16

Ware feesvreugde alleen moontlik in Christus

Dit is vir ons as Gereformeerde Kerke 'n jaar van feesvreugde. Ons mag ons vreugde en dankbaarheid uitjubel oor die genade van ons troue Verbondsgod oor 150 jaar. Wat is die diepste grond vir ons feesvreugde?

In ons teksvers is daar ook feesvreugde wat uitgesing word met begeleiding van allerhande musiekinstrumente, harpe en sifers en simbale, om die intensiteit en omvang van die blydschap te beklemtoon. Hier in ons teks is die rede vir die vreugde die terugkeer van die Verbondsark na Jerusalem (vgl. ook 2 Sam. 6). Die ark was die simbool van God se teenwoordigheid by sy volk. Die ark het in die allerheiligste van die Tabernakel gestaan, en later die tempel. Daar het die hoëpriester eenmaal 'n jaar ingegaan en versoening gedoen, die bloed op die versoendeksel gesprinkel. Op die woestynreis het 'n wolk op die ark neergedaal wanneer die volk gerus het en weer opgestyg wanneer hulle verder getrek het. Met die deurtog deur die Jordaan het die ark vooropgegaan.

In die tyd van Eli, 'n tyd van groot afvalligheid, het die volk die ark op 'n formalistiese en bygelowige manier gebruik sonder om hulle waarlik tot die Here te bekeer (lees 1 Sam 4-6). Daarom is hulle deur die Filistyne verslaan en die ark weggevoer.

Wanneer die ark nou teruggebring word, moet dit gepaardgaan met bekering en versoening, heiligmaking en offerandes (vs 12, 26).

Later is die ark weer weggevoer met die verwoesting van die tempel en nooit weer gevind nie. Die ark was net 'n simbool. Die blywende, seënende teenwoordigheid van God by sy volk is alleen bewerk deur Christus en deur die Gees. In Hom woon die volheid van God (Kol 2:9). In die gemeenskap met Hom het ons feesvreugde geen einde nie, totdat die tabernakel van God by ons is en Hy by ons woon (Openb 21:3).

Sing: Psalm 68:13

Prof CFC Coetzee (Teologiese Skool Potchefstroom)

